

ST. MAURITS EN METGESELLE

22 SEPTEMBER

(3de Eeu)

Hy was die offisier oor 'n Romeinse legioen uit Egipte, besig met diensplig in Gallië (moderne Frankryk). Hy en al sy medesoldate was blykbaar Christene en terwyl hulle by Agaunum (die moderne dorp Saint-Maurice in Switserland) gestasioneer was, is hulle opdrag gegee om offerandes aan die heidense afgode te bring. Maurits het sy geloofsgenote aangemoedig om getrou te bly aan die Here Jesus en daarop is die hele legioen om die lewe gebring. Die plek van hul marteldood het 'n bedevaartsoord geword en in die 6de eeu is daar 'n klooster opgerig.